



NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2019

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur

150 punte

Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulpeksaminatore van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 1.1.1 J

1.1.2 I

1.1.3 L

1.1.4 F

1.1.5 A

1.2 1.2.1 B

1.2.2 D

1.2.3 C

1.2.4 B

1.2.5 A

1.2.6 D

1.2.7 C

1.2.8 D

1.2.9 C

1.2.10 D

VRAAG 2

- 2.1 2.1.1 VLOOKUP
- 2.1.2 Eindnota
- 2.1.3 vierkantige hakies
- 2.1.4 tabel cellpadding
- 2.1.5 video
- 2.1.6 wolk
- 2.2 Uitbreiding van die volgende akronieme:
 - 2.2.1 **GUI:** graphic/graphical user interface
 - 2.2.2 **HTML:** Hypertext Markup Language
 - 2.2.3 **URL:** Uniform Resource Locator
 - 2.2.4 **EFO:** elektroniese fondsoorplasing

AFDELING B

VRAAG 3 STELSELTECHNOLOGIEË

3.1

Vraag- nommer	Naam van hardeware/ sagteware	Hooffunksie (Indien die HW/SW verkeerd is, maar die funksie is korrek, gee kandidaat krediet vir die funksie.)
3.1.1	Wi-Fi-verbindings- toestel OF Wi-Fi-roeteerder	Hierdie toestel verrig die funksie van draadlose toegangspunt tot die internet. OF Die hoofdoel van hierdie toestel is om veelvuldige rekenaars met die internet te verbind. OF Sodat toestelle op die netwerk met die internet kan verbind. OF Die meeste Wi-Fi-roeteerders het Ethernet-poorte wat ontwerp is om veelvuldige rekenaars met die internet te verbind. (Enige geskikte antwoord wat 'n toestel wat verbinding met die internet moontlik maak, noem)
3.1.2	CAPTCHA	Die tegnologie word meestal gebruik om <i>spammers</i> en botte wat probeer om outomaties e-posadresse te oes, te blokkeer. OF 'n CAPTCHA is 'n tipe uitdagingsantwoordtoets wat gebruik word om te bepaal of die gebruiker 'n mens is of nie. OF CAPTCHA: completely automated public Turing test to tell computers and humans apart. (Enige geskikte antwoord wat aandui dat dit kode is om seker te maak dat jy 'n mens en nie 'n robot is nie)
3.1.3	Moederbord	Die moederbord is 'n groot kringbord waarin al die ander komponente ingeprop word. OF 'n Moederbord hou baie van die noodsaaklike komponente van 'n rekenaar bymekaar. OF 'n Moederbord laat al die dele van jou rekenaar krag ontvang en met mekaar kommunikeer. (Enige geskikte antwoord wat die doel van 'n moederbord aandui)
3.1.4	Grafikakaart	Maak dit vir rekenaars moontlik om grafika en beelde vinniger te produseer. OF 'n Grafikakaart verbind met die moederbord van 'n rekenaarstelsel en genereer afvoerbeelde om te vertoon. OF Die grafikakaart is verantwoordelik vir die lewering van 'n beeld op jou monitor; dit word gedoen deur data in 'n sein om te skakel wat jou monitor kan verstaan. (Enige geskikte antwoord wat praat van beeldgehalte/-reaksie)

- 3.2 Die stelselsagteware verskaf basiese sekuriteitsfunksies soos:
- gebruikers- en wagwoordbeheer
 - biometriese toegangsbeheer
 - vra vir toegangsregte tot jou toestel voordat enige sagteware geïnstalleer word
 - beheer en voorkom die verspreiding van boosware
 - kyk vir programme wat via die internet toegang tot jou rekenaar probeer verkry
 - die sekuriteitsentrum in die Windows-bedryfstelsel waarsku jou oor verstellings wat jou stelsel onveilig kan maak, byvoorbeeld dat jou antivirussagteware verouderd is
(Enige **TWEE** van bogenoemde)
- 3.3 Skyfskandeersagteware (Check Disk of ChkDsk kan ook aanvaar word)
- 3.4 3.4.1 Dit is 'n sagtewareprogram wat die bedryfstelsel met hardeware of randtoestelle laat kommunikeer.
- 3.4.2 Die drywerprogram vir baie generiese en spesifieke toestelle word vooraf op die rekenaar gelaai as deel van die bedryfstelsel en word outomaties geïnstalleer wanneer die toestel in die rekenaar ingeplug word.
- 3.5 3.5.1 Die produksleutel is 'n unieke alfanumeriese kode van enige lengte wat uniek is aan 'n spesifieke program en wat tydens installasie deur baie sagtewareprogramme vereis word.
- 3.5.2 'n Produksleutel word deur sagtewarevervaardigers gebruik om te verseker dat elke kopie van hul sagteware wettig gekoop is en programroof te voorkom.
- 3.5.3 Sonder die produksleutel sal die program heel waarskynlik nie verder as die produksleutelbladsy oopmaak nie, **OF** dit kan net as 'n proefloop van die volledige weergawe loop **OF** jy kan nie eers die program aflaai of installeer nie.
- 3.6
- Jy kan twee verskillende bedryfstelsels laai.
 - Jy kan die tweede partisie as 'n hersteladrywer vir die hoofpartisie gebruik.
 - Jy kan programme op een partisie installeer en jou data op die ander partisie stoor.
 - 'n Goeie manier om data te beveilig en te beskerm, aangesien veelvuldige rugsteuning van lêers gedoen word.
 - Indien data op die tweede partisie gestoor word, sal daar geen dataverlies wees indien die primêre partisie herformateer moet word nie.
 - Indien jy nie meer databerguimte op jou hardeskyfaandrywer het nie, sal dit nie jou bedryfstelselprestasie beïnvloed nie.
(Enige **TWEE** van bogenoemde)
- 3.7
- Herinstalleer die bedryfstelsel/drywers
 - Herstel deur die installasiemedia te gebruik
 - Maak seker dat die kragtoevoer korrek werk
 - Maak seker dat die hardeskyf werk
(Enige **TWEE** van bogenoemde)

VRAAG 4 INTERNET EN NETWERKTECHNOLOGIEË

- 4.1 **Breëband:** In die konteks van internettoegang word dit gebruik om enige hoëspoed-internettoegang te beteken wat altyd aan is en vinniger is as inbeltoegang.
- Bandwydte:** Is die kapasiteit van 'n bekabelde of draadlose netwerk-kommunikasieskakel om die maksimum hoeveelheid data in 'n bepaalde tyd van een punt na 'n ander oor 'n rekenaar-netwerk of internetverbinding te versend **OF** spoed van data-oordrag.
- 4.2 4.2.1
- Geen reiskoste nie, aangesien vergaderings oor VOIP gehou kan word.
 - Bemerkingskoste sal minder wees, want geen drukwerk is nodig nie.
 - Kommunikasie kan dadelik plaasvind, aangesien e-pos gebruik sal word en nie meer die ou stelsel om briewe te pos nie.
 - Probleme in 'n spesifieke sakeprojek kan opgelos word met roosterverwerking.
 - Kliënte kan oor 'n afstand gehelp word indien maatskappye IT-steunstelsels in plek het.
(Enige **EEN** van bogenoemde, maar een punt vir die voorbeeld en die ander punt vir die verduideliking; kandidaat kan nie net sê bespaar reiskoste nie)
- 4.2.2 Digitale kloof
- 4.3 **Vesel:** Gebruik veseloptiese kables om data te versend.
ADHL: Gebruik telefoonlyne om data te versend **OF** met koperkables van jou naaste telefoonsentrale af. Vesel vereis kliëntperseel-toerusing (CPE) of optiesenetwerkterminaal (ONT) waarmee die roeteerder verbind word, terwyl ADHL dit nie vereis nie.
- 4.4 4.4.1 Ringtopologie
- 4.4.2 **Voordele:**
- Alle data vloei in een rigting, wat die kans op pakkiebotsings verminder.
 - 'n Netwerkbediener is nie nodig om netwerkkonnektiwiteit tussen werkstasies te beheer nie.
 - Data kan teen 'n hoë spoed tussen werkstasies oorgedra word.
 - Bykomende werkstasies kan bygevoeg word sonder om die prestasie van die netwerk te beïnvloed.
(Enige **TWEE** van bogenoemde)

4.4.3 **Beperkings:**

- Alle data wat oor die netwerk oorgedra word, moet deur elke werkstasie op die netwerk beweeg, wat dit stadiger as 'n sterstopologie kan maak.
- Die hele netwerk sal beïnvloed word indien een werkstasie afskakel.
- Die hardeware wat benodig word om elke werkstasie met die netwerk te verbind, is duurder as Ethernet-kaarte en skakels.
(Enige **TWEE** van bogenoemde)

4.5 4.5.1 'n Netwerktussenvlakbeheerder (NIC, ook bekend as 'n netwerktussenvlakkaart, netwerkaansluiter, LAN-aansluiter, fisiese netwerkkoppelvlak, ens.) is 'n hardewarekomponent wat **'n enkele rekenaar met 'n rekenaarnetwerk verbind OF** ken 'n IP-adres toe.

4.5.2 'n Netwerkskakel (ook skakelspil, brugspil genoem) is 'n rekenaarnetwerktoestel wat **baie toestelle op 'n rekenaarnetwerk verbind** deur pakkieskakeling te gebruik om data te ontvang, te verwerk en na die bestemmingstoestel aan te stuur.

4.6 4.6.1 Dit is 'n stel reëls/stappe/instruksies om te volg/kommunikasiemetode wat bepaal hoe data oor 'n netwerk versend word.

4.6.2 Die lêers kan na 'n FTP-bedieners opgelaaai word en die mense wat die lêers wil hê, kan dan die lêers van die bedieners aflaai.

VRAAG 5 INLIGTINGSBESTUUR

- 5.1 5.1.1 Die (GPS) liggingstelling op die foon is nie geaktiveer nie.
- 5.1.2
- rem skerp
 - ry skerp om hoeke
 - verdeelde aandag
 - ry te vinnig
 - afstand wat jy aflê
 - plekke waarheen jy gaan
 - tyd geneem om te bestuur
(Enige **DRIE** van bogenoemde)
- 5.2
- Discovery Insure kan wenke aan 'n bestuurder gee oor hoe om spesifieke bestuursgedrag te verbeter.
 - Discovery Insure kan die bestuurders beloon wanneer hulle 'n insidentvrye verslag kry wanneer hulle bestuur.
 - Discovery Insure kan die maandelikse tarief verhoog of verlaag wanneer jy vir versekering betaal.
(Enige **TWEE** van bogenoemde)
- 5.3
- Wanneer 'n kliënt vir 'n ongeluk wil eis, kan hulle na die ingesamelde data verwys om te sien of die kliënt te vinnig gery het, ens.
 - Discovery Insure kan noodsaaklike inligting verskaf indien 'n geliefde in 'n ongeluk is, bv. om die ligging van die voertuig te bepaal.
 - Discovery Insure kan inligting oor die laaste ligging verskaf indien die voertuig gesteel word.
 - Kan 'n bonus/afslag verdien.
(Enige **TWEE** van bogenoemde)
- 5.4
- Slaggate
 - Weerstoestande
 - Verkeerstoestande
 - Padwerk sonder duidelike aanduidings om bestuurder te waarsku.
 - Voetgangers wat die pad oorsteek sonder enige aanduiding van 'n voetgangeroorgang.
 - Hoë ongeluksone omdat padmerke nie duidelik is nie.
 - Snelheidspersbode beskadig/verwyder.
 - Verkeersbeamptes wat onverwags uit die niet verskyn om 'n bestuurder te stop vir lukraak kontroletoetse. Hulle moet meer sigbaar wees omdat hul skielike verskyning kan veroorsaak dat 'n bestuurder skerp rem al het hy/sy nie te vinnig gery nie.
(Enige **TWEE** van bogenoemde)

VRAAG 6 SOSIALE IMPLIKASIES

6.1 6.1.1 Twitter is 'n gratis sosialenetwerk- (mikroblog-) diens wat gebruikers lewendige voere van bygevoegde inligting gee. Slegs geregistreerde lede kan kort plasings **OF** *twierts* uitsaai (geïsoleerde groep).

6.1.2 Die verstekinstelling vir Twitter is openbaar en enigiemand kan enigiemand op Twitter volg, anders as Facebook, waar lede sosiale verbindings moet goedkeur om iemand te volg.

OF

Twitter maak vinnige, kort boodskappe moontlik met bygevoegde hiperskakels wat deur 'n volgeling ontvang word wat dan ingelig word oor 'n geleentheid wat net deur Monte Casino aangebied sal word, anders as Facebook wat die wêreld meer oop en geskakel maak. Mens gebruik Facebook om met vriende en familie in verbinding te bly, uit te vind wat in die wêreld aangaan en dinge wat vir hulle saak maak, uit te druk en te deel.

(Om die tweede punt te ontvang moet daar 'n aanduiding wees van hoe Facebook van Twitter verskil.)

6.1.3 Identiteitsdiefstal **OF** kloning

6.2 Manipuleer of lok iemand op bedrieglike wyse uit om vertroulike inligting te deel.

Rede (enige **EEN** van die volgende):

- om voor te gee jy is iemand anders **OF**
- om boosware te installeer **OF**
- vir bedrieglike doeleindes

6.3 6.3.1 Die e-posdiensverskaffer ontvang en hou al die e-pos wat gestuur word. Sodra ontvangers toegang verkry tot hul e-posrekening wanneer die krag weer aan is, sal die boodskappe aflaai (gestuur word) na die inmandjie van hul e-posprogram.

OF

Krag kan af wees aan die sender se kant maar nie aan die ontvanger se kant of by die IDV nie.

OF

Rugsteunkrag/OKT/omkeerders kan gebruik word om die verbinding te handhaaf. Vesel/ADHL-infrastruktuur bly werk as 'n vereiste in hul lisensie.

OF

E-pos wat via selfoon gestuur word, bly steeds werk maar kom baie stadiger deur.

6.3.2 Die opvoeder sal die BCC-veld gebruik om al die ouers se e-pos-adresse in te sluit sonder dat hulle die name van die ander ontvangers sal kan sien.

- 6.3.3 'n Enkele groepnaam word aan 'n groep/stel/versameling e-pos-adresse gegee.
- 6.3.4
- Dit bespaar tyd want al die e-posadresse hoef nie een vir een ingetik te word nie.
 - Enige e-pos wat aan die groep gestuur word, sal aan elke persoon op die poslys gestuur word.
 - Voorkom tikfoute in 'n adres en weglating van 'n adres.
 - Enige lid op die lys kan 'n e-pos aan al die ander lede op die lys stuur, antwoord op alle lede op die lys of 'n e-pos slegs aan die oorspronklike sender stuur.
(Enige **EEN** van bogenoemde)

VRAAG 7 OPLOSSINGONTWIKKELING

- 7.1 7.1.1 Voorwaardelike formatering
- 7.1.2 Sy moet kolom E/korrekte selle kies en dan die *number*-oortjie kies en die formaat na *currency* verander.
OF
Gebruik die *Format Painter* in die veronderstelling dat sel E11 korrek geformateer is.
- 7.1.3 = E11 *7%
OF
= 7/100 *E11 (Kan wiskundige simbole gebruik)
- 7.1.4 Geneste *If*
OF
If binne 'n *If*
- 7.2 **Stap 1:** Skep 'n hoofbrief.
Stap 2: Skep/soek die databron met die werknemers se inligting.
Stap 3: Gebruik *Insert Merge Field* en voeg verwante velde by deur die databron te gebruik.
Stap 4: Doen 'n voorskou van die resultate om seker te maak die brief is korrek.
Stap 5: Voltooi die saamvoeging en stoor die saamgevoegde dokument.
- 7.3 7.3.1
- Kopieer en plak
 - Voeg in as 'n skakel of 'n ingebedde objek
 - Importeer/eksporteer
(Enige **TWEE** van bogenoemde)
- 7.3.2
- Berekening: *Count*-funksie
 - Vertoon: *Report Header/Footer*
OF
Indien gegroepeer in die *Group Header/Footer*

AFDELING C

VRAAG 8 GEÏNTEGREERDE SCENARIO

- 8.1
- Swak kabel-/roeteerderverbindingskeuse
 - Oormatige getal gebruikers
 - Tegnieuse kwessies met die IDV
 - Mediafoute (vesel/ADHL)
 - Agtergrondtoepassings gebruik die bandwydte (Enige **TWEE** van bogenoemde)
- 8.2 'n Sosialetwerk-werf is waar individue/organisasies dit waarvan hulle hou en nie hou nie en hul belangstellings, kommentaar, foto's en aktiwiteite kan plaas sodat hul vriende/kliënte dit kan sien.

8.3 8.3.1 Primêre sleutel

Verduidelik:

'n Veld wat elke rekord uniek identifiseer

OF

Primêre sleutel is 'n unieke sleutel wat nie herhaal kan word nie.

Voorbeeld: Hierdie sleutel sal werk indien die dieretuinstuurder 'n unieke ID aan elke dier/reptiel gee.

8.3.2 Toevoermasker

Verduidelik:

Dit is 'n vaste formaat waaraan data wat toegevoer word, moet voldoen.

Voorbeeld:

Die dieretuinstuurder sal dit gebruik om te verseker dat die geboortedatum van die dier/reptiel in 'n spesifieke formaat vasgelê word, byvoorbeeld 12 Mei 2019.

8.3.3 Valideringsreël

Verduidelik:

Dit is die voorwaardes waaraan die data in 'n spesifieke veld moet voldoen om geldig te wees.

Voorbeeld:

Die dieretuinbestuurder kan dit gebruik om die dier/reptiel se geslag vas te lê ("M" vir manlik of "V" vir vroulik).

(Enige geskikte voorbeeld solank die voorbeeld korrek gebruik word met betrekking tot die gegewe term en die scenario.)

8.4 'n Vorm maak maklike datavaslegging moontlik vanweë die feit dat al die velde vir 'n gespesifiseerde rekord tegelykertyd gesien kan word.

Datavaslegging met 'n vorm is vinniger, want dit het 'n gebruikersvriendelike koppelvlak om rekords in 'n tabel te besigtig, by te voeg of te verander.

8.5

- Jy kan volgens verskillende velde, opskrifte, ens. groepeer.
- Jy kan die inligting sorteer.
- Jy kan statistiese berekeninge doen.
- 'n Verslag bied inligting uit 'n databasis aan in 'n formaat wat maklik is om te lees, in 'n beter uitleg en formaat wanneer dit gedruk word.
- Verslae het meer afdelings in vergelyking met navrae en tabelle.
(Enige **TWEE** van bogenoemde)

8.6

- 'n Grafiek moet altyd 'n beskrywende opskrif of titel hê.
- Asetikette word aanbeveel, veral met lyn- en staafgrafieke.
- Wanneer 'n sirkelgrafiek gebruik word, moet datawaardes of persentasies getoon word.
- Legendes moet verwyder word indien hulle geen doel dien nie.
- Gebruik tendenslyne om tendense in die data te toon.
(Enige **TWEE** van bogenoemde)

8.7 Ergonomiese sleutelborde posisioneer die sleutels sodat jy jou hande in 'n natuurliker posisie hou, dus is dit gemakliker om mee te werk en dit sal ENIGE vorm van besering, byvoorbeeld RSI (ooreisingsbesering) of karpaletonnel-sindroom verminder.

VRAAG 9 GEÏNTEGREERDE SCENARIO (vervolg)

9.1 9.1.1 Nee

'n Bediener is 'n kragtige rekenaar wat gebruik word om hulpbronne en dienste te voorsien aan al die rekenaars wat in 'n netwerk verbind is en die dieretuinbestuurder sal slegs een tafeltekenaar vir sy onderneming gebruik.

9.1.2

	TAFELREKENAAR	SKOOTREKENAAR
Verwerker	Tafelrekenaar-verwerkers kan vinniger wees as skootrekenaar-verwerkers.	Skootrekenaarverwerkers het tafelrekenaarverwerkers byna ingehaal. OF Skootrekenaars kan so goed presteer soos tafelrekenaars, maar is duurder.
Opgradering	Die meeste komponente in 'n tafelrekenaar kan maklik verwyder word, wat dit makliker maak om op te gradeer en aangesien tafelrekenaarkaste gewoonlik baie groter is, is dit makliker om mee te werk wanneer opgradering plaasvind.	Geheue en hardeskyfaandrywer is omtrent die enigste komponente wat in 'n skootrekenaar opgegradeer kan word. Die oorblywende komponente is óf ingebou óf nie verwyderbaar nie, of die skootrekenaar is nie ontwerp om met 'n opgegradeerde weergawe van 'n komponent te werk nie. Die behoefte om enigiets buiten die hardeskyfaandrywer en geheue op te gradeer beteken gewoonlik 'n nuwe skootrekenaar moet aangekoop word.

- 9.1.3
- Hulle is draagbaar.
 - Hulle kan vir 'n paar uur op batterykrag gebruik word indien geen elektrisiteit beskikbaar is nie, bv. tydens 'n kragonderbreking.
 - Geen los sleutelbord/muis nie.
 - Laer krag- en ruimtevereistes.
 - Kan op 'n verskeidenheid maniere gebruik word, soos wanneer in 'n bed gelê word.
(Enige **TWEE** van bogenoemde)

- 9.2 9.2.1 Geheue (RAM) is 'n komponent in jou rekenaar wat korttermyn-databerging en -toegang moontlik maak.
Berging (hetsy in die vorm van 'n hardeskyfaandrywer of SSD) is die komponent in jou rekenaar wat langtermyn-databerging en -toegang moontlik maak.
OF
Programme en data wat geloop of verwerk moet word, moet van berging af in geheue gelaai word.
Berging is die komponent wat gebruik word om jou lêers permanent te stoor.
- 9.2.2 Die gleuf wat jou rekenaar in staat stel om SD-kaarte te lees wat dikwels in digitale kameras aangetref word.
- 9.2.3 'n Vierkernverwerker is 'n skyfie met vier onafhanklike eenhede genaamd kerne wat instruksies van die sentrale verwerkings-eenheid (SVE) soos tel by, skuif data en vertak, lees en uitvoer.
OF
Dit beteken daar is vier verwerkers op 'n enkele skyfie gemonteer.
OF
Die SVE bevat vier afsonderlike verwerkers wat heeltemal onafhanklik van enige ander kern op die SVE-skyfie werk.
- 9.2.4
- sleutelbord
 - muis
 - eksterne hardeskyfaandrywer
 - luidsprekers
 - flitsaandrywer
 - webkamera
 - drukker
 - digitale kamera
 - skandeerder
(Enige **DRIE** van bogenoemde)
- 9.3 9.3.1 Kwarantyn is 'n afsonderlike area van die hardeskyf wat die geïnfecteerde lêers hou totdat die virus/boosware verwyder of skoongemaak kan word.
- 9.3.2 Formateer/herformateer hardeskyf en herinstalleer toepassings.
- 9.3.3
- Druk Ctrl+Alt+Del en laai taakbestuurder
 - Merk die niereagerende program en beëindig die taak

9.4 9.4.1 IKT staan vir **inligtings- en kommunikasietegnologieë**

OF

IKT word gedefinieer as die gebruik van 'n uiteenlopende stel tegnologiese hulpmiddels en hulpbronne wat gebruik word om te kommunikeer en inligting te skep, te versprei, te stoor en te bestuur.

9.4.2 Kennisgewingsboodskap in 'n opwipblokkie

9.4.3 Spraak-na-teks-program

9.4.4 Voeg onderskrifte/subtitels/gebaretaalinterpreteerder op die skerm by

- 9.5
- Sy sal die deelware gebruik want dit sal slegs vir 'n proeftydperk wees om te sien of die dieretuin by die sagteware kan baat (waarna dit ophou werk of funksies/kenmerke afgradeer).
 - Indien die administratiewe assistent positief voel dat die dieretuin dit moet bly gebruik of die "volledige" onbeperkte weergawe moet verkry, kan sy die dieretuinbestuurder aanraai om vir die sagteware te betaal.

(Wanneer hierdie vraag nagesien word, moet jy seker maak dat die leerder verwys na waarom die administratiewe assistent die gebruik van die deelware sal oorweeg.)

9.6 Stippeldrukker maak slegs druk moontlik, terwyl 'n veeldoelige drukker dokumente kan druk, kopieer, faks en skandeer **OF** beter kwaliteit drukwerk.

- 9.7
- SIENDE mense: ALT-kenmerk verskaf die teks wat vertoon moet word indien die beeld om een of ander rede nie vertoon kan word nie.
 - Vir BLINDE/GEDEELTELIK SIENDE mense: skermleessagteware gebruik die teks wat deur die ALT-kenmerk verskaf word om die beeld vir die gebruiker te beskryf.

Totaal: 150 punte